

ST. DOMINICUS VAN SILOS

20 DESEMBER

(sterf 1076)

Toe hy by die eens beroemde abdy van San Sebastiano in Silos (Spanje) aankom, was dié plek verval en bankrot. Hy word verkies tot ab en onder sy geesdriftige leierskap word dié abdy een van die bekendstes in die wêreld. Die diep geestelike lewe van die monnike het tot uiting gekom in die meesterlike werk wat hulle verrig het. Die roem van hierdie abdy was veral te danke aan die uitsonderlike manuskripte wat in die abdy se scriptorium die lig gesien het. Dit is ook te danke aan ab Dominicus dat die antieke Mosarabiese liturgie en die Wesgotiese skrif bewaar gebly het om deur latere geslagte waardeur te word. Kort ná sy dood het die plaaslike bevolking hom as heilige begin vereer.

